

HOOFSTUK II

DIE ONDERWYSKOMMISSIERAPPORT VAN 1879

1. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK VAN HIERDIE ONDERWYS-
KOMMISSIE

(a) Inleiding

Die algemene gevoel van ontevredenheid oor die bestaande onderwyssisteen het steeds toegeneem. Die regering het dit raadsaam geag om 'n kommissie te benoem om die oorsake van hierdie ontevredenheid grondig te ondersoek. Getuienis moes ingewin word aangaande die funksionering en toepassing van sekere onderwyswette in die Kaapkolonie en in watter mate hierdie wette verander behoort te word.

Die belangrikheid van hierdie kommissie kan moeilik oorskat word. Onder die bekwame voorsitterskap van hoofregter John Henry de Villiers het hierdie kommissie nie alleen 'n omvattende en grondige ondersoek ingestel na die toestand van die onderwys nie, maar ook gekom met positiewe aanbevelings waardeur besware en probleme in verband met die onderwys van Hollands en Engels uit die weg geruim kan word.

(b) Die doel van hierdie ondersoek

Aan hierdie kommissie van ondersoek wat bestaan het uit sir John Henry de Villiers (Voorsitter), sir David Tennant, Jeremias Benedictus Auret, Jacobus Albertus de Wet, Joseph Walker en Joseph Reid, is volle mag verleen om enige persoon vir getuienis op te roep en te ondervra. Die doel van hierdie ondersoek kan soos volg saamgevat word :

„to be a commission for the purpose of collecting evidence as to the working of several Education Acts in force in this Colony, and to report in what particulars, if any, the said

Acts / 31.

Acts require to be altered or amended with a view to the increased efficiency and encouragement of education and specially to investigate the condition of the rural or farming population in respect of the means of education available to them "1)

Dit kom met ander woorde daarop neer dat hierdie kommissie moes nagaan watter van die wette wat reeds in werking is, teen een of ander deel van die taalgemeenskappe diskrimineer en wat in dié verband gedoen behoort te word. Veral sou die onderwyswet van 1865 deeglik onder die soeklig kom.

Dan moes daar in besonder nagegaan word wat die posisie ten opsigte van die onderwys is met betrekking tot die plattelandse of boerende bevolking, want dit is juis hier waar die brandpunt van die ontevredenheid was. Die aandag word in dié verband veral op die taalmedium en onderwysprosedures in die praktyk toegespits.

2. BELANGRIKE GETUIENISSE BETREFFENDE HOLLANDS AS MEDIUM VAN ONDERRIG

(a) Algemeen

Hierdie kommissie het 'n baie uitgebreide ondersoek onderneem en getuienis ingewin van meer as sewentig persone van hoë status en 'n rapport van 630 bladsye gepubliseer. Die bestaande opvoedingsisteen was reeds meer as 'n halfeeue in swang en hierdie kommissie het 'n omvattende taak gehad. Die kommissie het veral gelet op die volgende drie aspekte:

1. In watter mate het probleme in verband met die
tweede / 32.

1) Rep. of the Educ. Comm., 1879, VI.

tweede taal die houding van Hollandssprekende koloniste bepaal ten opsigte van die algemene onderwys.

2. Het die bestaande taalklousules rekening gehou met die gekoesterde ideaal om 'n kennis van Engels onder al die bevolkingsdele te versprei.
3. Wat die houding van Hollandssprekende koloniste is ten opsigte van die onderrig van Engels en Hollands.¹⁾

(b) Getuienisse afgeneem (ten gunste van Hollands as medium)

(i) Die getuienis van sir Langham Dale ²⁾

Benewens ander opvoedkundiges soos prof. J. Gill, prof. Hahn en meneer J.G. van Oordt was die getuienis van Dale seker die belangrikste. Aan hom is o.m. gevra watter plek Engelse grammatika in die leerplan inneem en of dit nie weggelaat kan word nie. Dale se antwoord hierop was: „But the fundamental difficulty is that we must have a knowledge of language as the basis -. The headmaster of a school feels that unless his pupils can write good English correctly he has little chance of passing the University, so that he must concentrate his power a great deal on English.”³⁾

Die vraag is aan Dale gestel of hy nie van mening is dat 'n seun beter vordering sal maak as hy eers in sy moedertaal onderrig word voordat hy Engels leer nie. Sy mening omtrent hierdie saak is: „that in a district where Dutch is the language of the home, unless the boy or girl

gets / 33.

1) Rep. of the Educ. Comm., 1879, VI.

2) Aangesien hy die S.G.O. is, is sy getuienis baie gesagdraend omdat hy as hoogste amptenaar in die onderwysdepartement sy vinger op die pols het.

3) Rep. of the Educ. Comm., 1879, 19.

gets a good knowledge of the home language first the English that is required will be lost."¹⁾ Dit was 'n baie verstaanbare en duidelike verklaring, maar ongelukkig was dit net in teorie - in die praktyk was die toestand heeltemal anders. Word sy verdere verklaring ontleed, blyk dit 'n saak van 'n ander aard te wees sover dit die praktiese toepassing van die stelsel betref: „We have no rule about it, because a good many teachers take the other view. They say, work the school in English, and when they get to a certain stage in English, let them read Dutch and translate English into Dutch and Dutch into English."²⁾

Laasgenoemde uiteensetting is die beste weergawe van die toedrag van sake en dit is juis hierteen dat die pedagoë in opstand gekom het, en heeltemal tereg ook, want dit is, ongeag alle ander motiewe, heeltemal onopvoedkundig.

Dat dit Dale ook nie erns was met die onderrig van Hollands nie, blyk uit die volgende verklaring voor die kommissie: hy sê omdat dit beter is om onderrig in Hollands te gee as geen onderrig nie en as toegegee word aan die eise aangaande die Hollandse taal, sal die Hollandssprekende bevolking vanself meer aandag aan Engels gee wanneer hulle bemerk dat die vooroordeel teen hulle taal verdwyn het: „I think the best way is to encourage the study of the two languages with a view to children getting a general intelligence, which will afterwards lead them to keep up the English language."³⁾

(ii)/ 34.

1) Rep. of the Educ. Comm., 1879, 106.
2) Ibid., 106.
3) Ibid., 107.

(ii) Die getuienis van dr. Van Oordt ¹⁾

Die getuienis van dr. Van Oordt is baie belangrik omdat hy nie net kennis gehad het van onderwyssake nie, maar hy het ook 'n goeie oorsig gehad van die onderwysstelsel wat toegepas is.

1. Van Oordt was ten gunste van onderrig deur medium van die moedertaal. Hy wys baie duidelik daarop dat dit 'n onreg is om leerlinge wat op die meer afgeleë dele net Hollands praat en verstaan deur medium van Engels te onderrig. Hy meen dat hulle eers hul eie taal, Hollands, moet baasraak en dan deur medium van Hollands Engels moet leer. As die leerlinge Hollands ten volle magtig is, sal hulle Engels baie makliker aanleer: „it is absolutely necessary that they should begin by learning Dutch, and through Dutch they ought to learn English.”²⁾
2. Van Oordt wys ook baie duidelik daarop dat van die boere graag sien dat hulle kinders Engels sal leer, want hulle meen dat hulle kinders Hollands ken en dit langsamerhand aanleer uit gesprekke met hulle ouers, maar vir Van Oordt is dit 'n heeltemal verkeerde opvatting en hy toon aan dat hulle nie Hollands ken soos algemeen beweerd word nie.³⁾
3. Die verstandelike ontwikkeling en prestasies word vertraag as 'n kind deur medium van 'n vreemde

taal / 35.

1) Dr. Van Oordt was dokter in Filosofie en voorheen onderwyser in klassieke tale aan dr. Changuion se skool.
2) Rep. of Educ. Comm. 1879, 375.
3) Ibid., 376.

taal onderrig word. So wys Van Oordt daarop dat die boere in die Vrystaat beter toegerus is as die boere in die Oostelike Provinsie waar hulle deur 'n vreemde medium onderrig word: „you would more easily reach the intellects of the children through the medium of the Dutch language than through the English language, and there would be greater and more rapid improvement if they were taught through the medium of Dutch than through the medium of English.”¹⁾

4. Van Oordt weerspreek die gedagte wat soms geopper word, naamlik dat Hollands langsamerhand verdwyn. Hy noem die voorbeeld van 'n mnr. Van Gass wat 'n aantal boere op Fort Beaufort toegesprek het en toe, ten spyte van die feit dat dit 'n Engelssprekende deel is, hy die vergadering in Hollands toegesprek het.²⁾
5. Die eksamenstelsel wat algemeen toegepas is, is ook aan die kaak gestel. Hier het Van Oordt 'n baie belangrike saak genoem wat 'n algemene tekortkoming van die onderwysstelsel was: „I think the system of training merely for examinations does more harm than good.”³⁾

Die nadele verbonde aan hierdie eksamengerigte stelsel was dat die onderwysers verwag het dat leerlinge alles van buite moes leer. Dit het weer 'n ongesonde studiemetode in die hand gewerk, want alles moes papegaaiagtig van buite geleer word dikwels sonder dat die leerlinge

die feite / 36.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, 377.
2) Ibid., 377.
3) Ibid., 378.

die feite werklik verstaan. Van Oordt noem dit „cramming“: „it leads to what is called cramming“. ¹⁾

Van Oordt meen dat die dodelike en sielododende eksamenstelsel tog in 'n mate oorbrug kan word deur byvoorbeeld skole toe te laat om hul eie kandidate te eksamineer onder die toesig van 'n inspekteur. Daar kan nie 'n ander toets vir kennis wees as deur 'n eksamen nie, gaan Van Oordt verder, maar dan moet dit 'n eksamen wees wat deur die onderwysers self gestel word. ²⁾

Van Oordt het ook, wat hierdie aspek betref, 'n verligte gedagte uitgespreek en dit is dus baie duidelik dat die opvattinge van Van Oordt opvoedkundig baie om die lyf gehad het.

(iii) Getuienis van J. Hanau ³⁾

Hy het veral daarop gewys dat die ouers nie die skole ondersteun nie as gevolg van die bestaande sisteem en as gevolg van die feit dat alleen Engels onderrig word, „because I know that on several occasions only English teachers were employed at the old school. The Dutch population objected, and did not send their children to school because there was no Dutch taught.“ Hulle sê dat Hollands die taal van die godsdiens is en die kinders moet hulle Bybel kan lees asook behoorlik Hollands kan skryf. ⁴⁾

Hanau wys ook daarop dat dit opsioneel is om Hollands te onderrig en dat die keuse by die bestuurders berus. Hy meen egter dat dit neergelê moet word dat die Hollandse taal onderrig moet word. „I am of opinion that it should/ 37.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, 378.

2) Ibid., 379.

3) Hanau was 'n gesiene inwoner van Victoria-Wes en 'n vooruitstrewende handelaar.

4) Rep. of the Educ. Comm., 1879, 387.

it should be made part and parcel of the conditions, that the Dutch language should be taught in the schools."¹⁾

(iv) Getuienis deur inspekteur A.N. Rowan

Inspekteur Rowan is dit eens dat Hollands die medium van onderrig moet wees nie net 'n jaar lank nie, maar so lank as wat dit nodig mag wees in die plaasskole. Dit sal geen nadeel wees nie, hoewel sommige ouers baie gou navraag doen indien hulle kinders nie in Engels vorder nie. Rowan sê: „I know in several farmer's schools, if a child has been under instruction for some time and cannot speak English, the parents take the teacher to task about is."²⁾

In die distrik Calvinia is daar, sover bekend, net een skool wat uitsluitlik deur medium van Hollands onderrig gee. Hierdie skool bestaan ook nie lank nie, omdat die onderwyser nie Engels kan praat nie. Dit word egter nie toegelaat dat net in Hollands onderrig gegee word nie; elke jaar moet opnuut aansoek gedoen word om weer vir 'n jaar in Hollands alleen onderrig te gee.³⁾

Rowan is tewens nie 'n voorstander daarvan dat Hollands as medium van die onderwys gebruik word in tweede-klas-skole nie. Hy laat wel toe dat Hollands onderrig word deur middel van vertaling. Rowan sê o.m. dat hy gevind het dat leerlinge die Engelse taal gouer baasraak as hulle vertalings doen van Engels in Hollands en omgekeerd. Dit geld veral vir Hollandesprekende gemeenskappe waar Engels onderrig word. In gevalle waar die onderwyser nie in staat is om onderrig in Hollands te gee nie, moet wel voorsiening daarvoor / 38.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, 391.
2) Ibid., 431.
3) Ibid., 431.

daarvoor gemaak word, meen Rowan.¹⁾

(v) Getuienis deur regter Smith

Die antwoord op die vraag betreffende hierdie aangeleentheid van taalonderrig wat aan regter Smith gestel is, het daarop neergekom dat Engels nie op die Hollandssprekende gedeelte van die platteland afgedwing moet word nie.

"We ought not to force the teaching of English upon these farmer's schools."²⁾

Toe die skool in sy omgewing opgerig is, was dit een van die voorwaardes dat al die seuns Hollands moes leer. Die Hollandse bevolking sal egter sê: "You do not force your boys to learn Dutch, why should you force us to learn English."³⁾

Regter Smith noem die feit dat Engels so baie voordele bo Hollands het dat dit nie juis nodig is dat reklame daarvoor gemaak word nie. Die vraagstuk van verpligte onderrig word egter pertinent onder sy aandag gebring. Moet daar met ander woorde enige verpligtings in hierdie verband wees of moet dit aan die skoolrade se diskresie oorgelaat word "whether instruction should be given in the farmer's schools through the medium of English or Dutch."⁴⁾

Smith is egter die mening toegedaan dat dit nie van veel praktiese waarde is om enige verpligting op die ouers te lê nie. "The less compulsion no doubt the better", but I think you will soon find that if you do not compel the farmer's sons to learn English, and they are not taught it, they will be dissatisfied."⁵⁾

Hy wys egter verder daarop dat indien / 39.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, 431.

2) Ibid., 467.

3) Ibid., 467.

4) Ibid., 467.

5) Ibid., 467.

dat indien verpligting van Engels enige onaangenaamheid verskaf, „I certainly would not compel them to learn it. I think the matter might be left to the school boards.”¹⁾

(vi) Getuienis deur ds. Ridgill

As predikant van die Weslyaanse Kerk het ds. Ridgill 'n belangrike saak geopper. Nie slegs bevestig hy dit dat in die distrik Stellenbosch Engels die medium van onderrig is nie, maar dat Hollands slegs in die middag 'n bietjie onderrig word om te voorsien dat die Bybel gelees kan word: „I may say that, as a rule, English is the language taught in all our schools in this district. We teach Dutch generally in the afternoon, sufficient to enable them to read the Dutch Scriptures.”²⁾

As ons in aanmerking neem dat die meeste kinders in die distrik Stellenbosch Hollandssprekend is, dan kan goed verstaan word waarom daar ontevredenheid is. Ook wys ds. Ridgill daarop dat die leerlinge nie die vordering maak wanneer hulle in beide Engels en Hollands onderrig word dan wanneer hulle slegs in Hollands onderrig ontvang nie.

(vii) Getuienis deur J. Hahn

Hahn, die hoofonderwyser van die Rynse sending-skool, wys daarop dat die bepaling aangaande die medium van onderrig verkeerd geïnterpreteer word. Die kinders word onderrig in 'n taal wat hulle nie verstaan nie, en nog minder praat. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die taal wat die leerlinge praat, in hierdie geval Hollands, as vak onderrig moet word. Die onderwyser behoort ook bevoeg te wees om sy vak in Hollands te verduidelik. Die huidige toestand

is heeltemal / 40.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, 467.

2) Ibid., 338.

is heeltemal onregverdig, meen Hahn: „As it is now, children are unjustly and cruelly deprived of many subjects of general knowledge, which would be very useful in their after life, in place of which some spirit-killing subjects are taught, useless - for life, and which serve only to puff them up, and show that a little knowledge is a dangerous thing."1)

(viii) Getuienis deur ds. H.C.V. Leibbrandt

Ds. Leibbrandt het nie geskroom om die gebreke en swakhede betreffende die taalonderrig aan die kaak te stel nie. Volgens hom moet die veranderings soos volg aangebring word :

- (a) Elke onderwyser moet in staat wees om met sy kinders Hollands te kan praat.
- (b) Wat betref die verstandelike ontwikkeling van die inwoners is dit van belang dat elke onderwyser 'n kennis van Hollands sal hê.
- (c) Dit help nie dat die Parlement jaarliks groot somme geld stem vir die onderwys nie en die leerkragte is nie vertrouwd met die taal wat die kinders praat nie.
- (d) Dit is geensins snaaks waarom die onderwys in Kaapland nog nie die vooruitgang gemaak het wat dit behoort te maak nie. Nêrens word kinders onderrig in 'n taal wat hulle nie verstaan nie. So word Engels nie byvoorbeeld deur medium van Duits geleer nie. Die grootste deel van die bevolking is nog nie deur die opvoeding of
onderwys / 41.

1) Rep. Educ. Comm. 1879, Appendix I, 65.

onderwys bereik nie, juis as gevolg van die taalvraagstuk.¹⁾

(ix) Getuienis van ds. D. Ross

Ds. Ross wys daarop dat in streke waar alleen Hollands gepraat word, Engels heeltemal verban moet word en dat die onderrig dan deur medium van Hollands gegee moet word. „I would suggest entire abolition, for all schools, of the condition requiring instruction to be given through the medium of the English language. The vernacular must always be the medium, till a later stage, and, if English is to be taught intelligently to the great majority of our people it must be through the medium of Dutch. English will make much more rapid progress when not forced.²⁾

Die algemene opvatting van die getuienis is dat daar nie dwang uitgeoefen moet word ten opsigte van die taal of die medium van onderrig nie. Die doel bly nog steeds om die heil van die Engelse taal uit te werk, maar nou moet dit op 'n taktvoller manier geskied. Daarom sê Ross : „English will make much more rapid progress when not forced."

(x) Samevattende afleiding

- (a) Die getuienisse is dit grotendeels eens dat Hollands as vak onderrig moet word. Engels hoef nie kunsmatig aangehelp te word nie, want dit het soveel praktiese voordele as kultuur- en handelstaal dat almal die nut daarvan insien.
- (b) Hollands moet as medium erken word, want dit is verkeerd om leerlinge wat Hollandssprekend is deur / 42.

1) Rep. of the Educ. Comm., 1879, Appendix I, 88.
2) Ibid., 14.

deur medium van 'n vreemde taal op te voed en te onderrig. Die leerlinge sal ook baie beter vordering toon as hulle deur 'n bekende medium onderrig word.

- (c) Die ouers op die platteland wil graag sien dat hul kinders in Engels onderrig word, want dit hou vir hulle baie voordele in ten opsigte van die handel en ook met die oog op 'n beroep later.
- (d) Daar moet egter geen dwang op die ouers uitgeoefen word ten opsigte van 'n medium nie. Die keuse van 'n voertaal moet by die ouers berus.
- (e) Onderwysers moet bevoeg wees om onderrig in sowel Hollands as Engels te gee en indien dit nie die geval is nie, moet daar voorsiening gemaak word vir onderwysers wat wel in Hollands onderrig kan gee.

(c) Die getuienisse ten gunste van Engels as medium van onderrig

Die getuienisse ten gunste van Engels as medium van onderrig was minder as dié ten gunste van Hollands.

(i) Die getuienis van G.W. Stegmann ¹⁾

As teoloog wat 'n belangrike posisie ook in die onderwys bekleed het, was die getuienis van Stegmann van besondere belang.

1. Toe pertinent aan hom gevra is of 'n seun wat twee tale magtig is beter toegerus is as een wat net byvoorbeeld Engels ken, het hy soos volg geantwoord: „I suppose knowledge is power, and a knowledge / 43.

1) Stegmann was Superintendent van Onderwys van die Ned. Geref. Kerk.

knowledge of two languages is better than one, but I should say that, especially in the earlier stages, it is a distinct drawback to have two languages taught,¹⁾ Hy wys egter verder daarop dat sodra dit enigsins moontlik is, moet met die onderrig van die tweede taal begin word.

2. Stegmann wys ook op die aspek dat onderwysers wat in Hollands onderrig kan gee, moeilik bekombaar is.
3. Wat die vraagstuk van die voertaal betref, het Stegmann aangetoon dat waar 'n leerling vir 'n langer periode op skool bly, hy beslis deur medium van Engels onderrig moet word en hy wys ook daarop dat die agterstand wat die leerling mag opdoen, gou weer ingehaal sal word: „Dutch should then (nadat Engels magtig is) be taken up and thoroughly taught, and practically, one finds it is in the blood and in the air they breathe, and that they easily overtake what they may seem to have lost while they were acquiring English²⁾ 'n Ander voordeel wat Engels as voertaal bied, is dat al die vakke daardeur onderrig kan word, want volgens Stegmann kan Rekenkunde nie deur medium van Hollands onderrig word nie.³⁾
4. Stegmann het ook daarop gewys dat die leeswerk in Hollands op 'n baie lae peil was. Die ouers het hul kinders / 44.

1) Rep. of the Educ. Comm., 1879, 141.

2) Ibid., 160.

3) Ibid., 160.

hul kinders skool toe gestuur om Engels te leer,
want hulle kan Hollands praat.¹⁾

(ii) Die getuienis van prof. Gill ²⁾

Hy was heeltemal uitgesproke omtrent die saak.
Hy wys daarop dat die plattelandse bevolking in die omgewing
van Graaff-Reinet baie graag wou sien dat hulle kinders in
die Engelse taal onderrig word en sover hy weet was daar
geen beswaar teen die bestaande toestand nie.³⁾

(iii) Die getuienis van ds. A. Murray

Benewens die feit dat ds. Murray daarop wys dat
Hollands in die kosskole onderrig moet word indien die
ouers dit verlang, toon hy ook aan dat merendeel van die
boere verkies om hulle kinders in Engels te laat onderrig:
„As a rule, the farmers have wished their children to learn
English when they come to school.“⁴⁾

(iv) Die getuienis van A.N. Rowan

Inspekteur Rowan wys daarop dat in die omgewing
van Calvinia daar slegs een skool is waar net Hollands
onderrig word, en hierdie skool is toe ook net pas gestig.
Verder wys Rowan daarop dat toestemming elke jaar verkry
moet word waar so 'n skool van voorneme is om net Hollands
te onderrig.⁵⁾

Dit is dus duidelik dat daar nie veel persone ten
gunste was van die onderrig van Engels alleen nie en dat
diegene wat 'n mening in dié verband uitgespreek het, op
die aandeel van die ouers of op die bestaande toestand
gewys het.

3. BEVINDINGS / 45.

1) Rep. of the Educ. Comm., 1879, 139.
2) Verbonde aan die South African College en die
Graaff-Reinet College.
3) Rep. of the Educ. Comm., 1879, 195.
4) Ibid., 299 - 300.
5) Ibid., 431.

3. BEVINDINGS VAN DIE KOMMISSIE OOR DIE TOESTAND VAN
HOLLANDS EN ENGELS SOOS BLYK UIT DIE RAPPORT

Inleiding

Die kommissie van 1879 het o.m. die vraagstuk van taalonderrig en die medium deeglik nagegaan. Engels, gaan die kommissie voort, het soveel praktiese voordele dat dit geen kunsmatige aanbeveling nodig het nie.¹⁾ Daar is ook onder die bevolking van die platteland 'n groeiende begeerte te bespeur om hulle kinders in Engels te laat bekwaam. Dit is egter ook baie duidelik dat hierdie boeregemeenskap nie sal duld dat 'n vreemde taal op hulle afgedwing word nie.

Die kommissie van 1879 het ook pertinent daarop gewys dat 'n staat kan verwag dat die seuns en dogters van die onderskeie gemeenskappe in die basiese aspekte van die opvoeding ingelyf sal word, maar die feit dat Hollands die medium was, behoort nie teen hulle te tel nie.²⁾

Ds. S.J. du Toit het veral op hierdie ongerymde hede gewys wat die medium van onderrig betref. Hy laak dit dat die Afrikanerkind eers 'n vreemde taal op skool moet leer om dan deur medium van die vreemde taal verder onderrig te ontvang. Teen hierdie verkeerde beskouing het ds. Du Toit fel te velde getrek en 'n oproep gedoen om die Hollandse taal in ere te hou: „En waartoe moet nu zulk een bekrompe, eenzydige opleiding dienen? Om de kinderen van jongs af in te prenten, dat Engeland alles geheel de overige andere wêreld niets is - Doch sonder taal geen natie. Daarom, Afrikaanders, houdt uw land, uw taal in ere.”³⁾

(a) Bevindings / 46.

1) Rep. of Educ. Comm. 1879, XXIX.

2) Ibid., XXIX.

3) Du Toit: Gesk. fan di Afrikaanse Taalbeweging, 1909, 27.

(a) Bevindings van die kommissie ten opsigte van
Hollands en Engels in die skole

Nadat verskeie persone voor die kommissie getuie-
nis afgelê het, het die De Villiers-Onderwyskommissie die
volgende bevind :

(i) Met betrekking tot die twee moderne tale,
Hollands en Engels, moet daarop gewys word dat bykomstige
fasiliteite vir die onderrig van Hollands getref word. Dit
moet nie uit die oog verloor word nie dat Hollands die ampte-
like taal van 'n groot deel van die bevolking is, „and that,
for children of Dutch-speaking parents the ability to read
in Dutch is as good a test of their having received an ele-
mentary education, as the ability to read in English is the
case of the children of English speaking parents.”¹⁾

(ii) Ouers ten gunste van die onderrig in Engels

Gedurende die aanhoor van getuienisse het die
kommissie bevind dat daar 'n groeiende begeerte by die plat-
telandse bevolking bestaan om hulle kinders in Engels te
laat onderrig. Voorts is dit egter ook baie duidelik dat
„there are many who object to having the English language
forced upon them.”²⁾ Sommige ouers meen dat geen ander
taal behalwe dié waarmee die kind vertrouwd is, onderrig moet
word nie.

(iii) Gebrek aan geldelike middele strem die
onderrig

Dale het, nadat hy 'n studie van die saak gemaak
het, aangetoon dat die fasiliteite wat vir die plattelandse
kinders beskikbaar is beter is as dié in Engeland. Die
probleem is egter dat die boerende deel van die bevolking

dikwels / 47.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, XXVIII.

2) Ibid., XXIX.

dikwels die arbeid van hulle kinders nodig het. Ouers was dus dikwels nie in die geleentheid om hulle kinders verder te laat onderrig as die huistaal nie. Volgens die getuienis wat afgelê is, is daar ook, wat hierdie aangeleentheid betref, 'n verbetering aan te dui: „the spread of wealth and the increase in the facilities of communication, have brought about a very different state of things from that which prevailed when the former Commission sat.”¹⁾

(iv) Die posisie van Engels

Omdat Engels so baie voordele het, is dit eensins nodig dat dit kunsmatig aangemoedig moet word nie. Soos sir Langham Dale dit stel: „The English language is forcing its way by means of the railways, and so on.”²⁾

(v) Onderrig in twee tale nie noodwendig voordelig of beter nie

Daar is altyd op die voordele gewys wat betref die kennis van meer as een taal, maar die feit dat 'n leerling geforseer word om Engels te leer en die onopvoedkundigheid van 'n stelsel waar 'n leerling deur medium van 'n heeltemal vreemde taal onderrig moet word, is deur verskeie persone sterk afgekeur. So het ds. D. Ross byvoorbeeld pertinent gesê dat die moedertaal altyd die medium van onderrig moet wees tot op 'n later stadium.³⁾

(b) Bevindings van die kommissie ten opsigte van inhoud en metode van Hollands en Engels

Dale het veral daarop gewys dat die onderrig van grammatika essensieel is en indien 'n leerling nie Engels korrek kon skryf nie, sou hy nie op universiteit slaag nie.

Daar / 48.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, XXX.

2) Ibid., 1879, 107.

3) Ibid., App. I, 14.

Daar moet dus baie aandag aan die onderrig van grammatika bestee word.¹⁾ Benewens grammatikaonderrig is daar ook aandag aan lees en skryf gegee.²⁾ Vertaalwerk het natuurlik ook 'n groot deel van die leerplan uitgemaak, want daar is veelvuldig van Engels in Hollands vertaal.³⁾

Wat die metode van onderrig betref, blyk dit uit die getuienis wat voor die kommissie afgelê is dat Hollands merendeel deur middel van vertalings onderrig is: „in second-class schools recommend the teaching of Dutch in the way of translation.”⁴⁾ Ook Dale wys daarop dat in die groter dorpe Engels die medium van onderrig is en dat Hollands deur middel van vertaling geleer is.⁵⁾

Deur middel van die inspekteursverslae kan ook vasgestel word dat die leesmetodes baie swak was en dat die leeswerk dikwels verwaarloos is. Aan 'n onderwyser is byvoorbeeld gevra om sy leerlinge te laat lees en eers nadat lank gesoek is, is 'n leesboek gevind. Hoewel die leerlinge in hierdie omgewing van Mosselbaai almal Hollands-sprekend was, was die gehalte van lees teleurstellend: „and I found that their reading was very bad indeed, with the exception of one case, and that was an Irish boy, whose parents wished him particularly to learn Dutch.”⁶⁾

Veral was dit dr. Van Cordt wat in verband met die metode van onderrig 'n belangrike mededeling gemaak het. Hy het veral die stelsel gekritiseer waar alleen op die

eksamens / 49.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, App. I, 19.

2) Ibid., 21.

3) Ibid., 49.

4) Ibid., 441.

5) Ibid., 49.

6) Ibid., 441. (G.W. Stegmann voor kommissie).

eksamens toegespits is. Leerlinge moet alles van buite leer, die sogenaamde „cramming": „I think the system of training merely for examinations does more harm than good.¹⁾ Dit was juis hierdie eksamengerigte metodes wat die oorsaak van die „cramming" was. Van Oordt wys daarop dat die eksamen nie heeltemal kan verdwyn nie, maar hy is 'n voorstander daarvan dat die onderwysers in plaas van die universiteitsowerhede die vraestelle opstel. Hierdie onderwyser-eksaminatore kan dan hulle eie programme opstel en hoef nie aan die universiteit en sy vereistes gebonde te wees nie. Hierdie probleem geld natuurlik net vir Engels, want Hollands was nog nie in die leerplan opgeneem nie.²⁾

Verder wys Van Oordt daarop dat mondelinge en skriftelike eksamens in Hollands afgeneem word en dat hierdie gebruik aan te beveel is.³⁾ Van Oordt het baie duidelik op seker die grootste leemte in die onderwyssisteem van hierdie jare gewys en in die lig van die huidige stelsel was die gedagtes wat hy in die midde van die kommissie gelê het, baie vrugbaar.

4. GEVOLGTREKKINGS VAN DIE KOMMISSIE EN AANBEVELINGS OOR DIE VERBETERING VAN DIE ONDERWYS

Inleiding

Die De Villiers-kommissie het hulle verslag in 1880 gereed gehad. Hierdie kommissie het ongetwyfeld met die uiterste versigtigheid te werk gegaan en eers na sorgvuldige ondersoek en ernstige oorweging besluit om aanbevelings te doen. Hierdie versigtigheid kan baie goed begryp word, / 50.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, 441. (G.W. Stegmann voor kommissie).

2) Ibid., 1879, 379.

3) Ibid., 1879, 381.

word, want hulle het met 'n baie netelige saak te kampe gehad. Boonop moes hulle hierdie verslag teen 'n onderwys-owerheid uitbring wat die saak in 'n ander lig gesien het. In die lig hiervan is dit duidelik dat die bydrae van hierdie onderwyskommissie nie onderskat kan word nie. As hulle werk vergelyk word met die kommissies van 1851 en veral dié van 1863, dan word besef dat besondere vernuf en takt deur die kommissie van 1879 aan die dag gelê is. Geen ander kommissie het voorheen die aangeleentheid so tot in die fynste besonderhede nagegaan en die objektiewe en simpatieke houding ingeneem teenoor die probleme as juis hierdie De Villiers-onderwyskommissie nie.

Nie alleen het hulle inligting van getuienis wat voor hulle gedien het ingewin nie, maar belangrike inligting is ook van omsendbriewe wat uitgestuur is, bekom.¹⁾

Die probleme waarmee die kommissie veral te kampe gekry het, was die taalvraagstuk en die medium van onderrig. In hierdie verband het die kommissie baanbrekerswerk gedoen.

(a) Taalvraagstuk

Aan hierdie delikate probleem is besondere aandag deur die kommissie geskenk. Getuienis is ingewin van persone wat ten gunste van die onderrig van Hollands was en ook van ander persone wat ten gunste van Engelse onderrig was.

Een aspek was baie duidelik en dit was dat 'n groot persentasie van die ouers ten gunste daarvan was dat hul kinders onderrig in Engels ontvang.

Prof. Gill van die South African College wys daarop dat die boere rondom Graaff-Reinet ten gunste daarvan is dat / 51.

1) Dink byvoorbeeld aan die skrywe van David Ross (M.A.) van Lady Grey.

dat hulle kinders Engels moet leer. Hy gaan verder en beweer dat hy geen persoon hoor kla het oor die feit dat Hollands nie onderrig word nie, maar bo alles moes Engels aan hul kinders onderrig word: „Many in sending their boys to the Graaff-Reinet College urged, above all things, that they should learn English, caring apparently for little else.”¹⁾

Hierdie belangrike feit word ook deur inspekteur A.N. Rowan gestaaf. Hy het bevind dat as leerlinge swak in Engels is, die onderwyser in die verband gesprek en die rede uitgevind word.²⁾

Van Oordt wys egter tereg daarop dat die ouers verkeerdelik meen dat hulle kinders Engels moet leer, want hulle ken Hollands. Vir hom is dit 'n bewys dat die ouers graag wil sien dat hulle kinders 'n vreemde taal aanleer, maar die feit bly staan dat hulle eers in hul eie taal onderrig moet word, want dit ken hulle nie: „many of the farmers wanted their children to learn English and not Dutch, because they knew Dutch already. That is a fallacy. They did not know Dutch.”³⁾

Nadat die kommissie ook die ander kant van die saak aangehoor het naamlik dat kinders wat Hollandssprekend is eers in hul eie taal onderrig moet word, het die kommissie die volgende aanbeveling in die verband gemaak: „It is, however, equally clear that there are many who object to having the English language forced upon them; and that others again, - do not possess the means of having them taught any other language than that with which they are familiar.” / 52.

1) Rep. of Educ. Comm. 1879, 195.

2) Ibid., 431.

3) Ibid., 376.

familiar."¹⁾ Die laaste belangrike aanbeveling, naamlik dat diegene wat dit nie kan bekostig om hulle kinders in enige ander taal te laat onderrig nie behalwe die taal wat hulle praat, raak veral die plattelandse bevolking en is vir hulle van groot belang.

(b) Moedertaalonderwys

'n Tweede aspek wat in dié verband veelvuldige moeilikheid veroorsaak het, is die medium van onderrig. Die kommissie van 1863 het neergelê dat die meium van alle eerste- en tweedeklas-skole Engels sou wees en ook in derdeklas-skole na die verloop van twaalf maande.²⁾

Teen hierdie besluit van die Watermeyer-onderwyskommissie was daar baie besware. Leerlinge wat nie Engels magtig was nie, is nie alleen vertraag omdat hulle nou deur 'n onbekende medium onderrig is nie, maar is ook grotendeels gefrustreerd aan die einde van hul skoolloopbaan. Die S.G.O., Langham Dale, het geprobeer om 'n ontwykende antwoord te gee toe pertinent aan hom die vraag gestel is of moedertaalonderwys nie wenslik geword het nie. Aan die eenkant erken hy dat die Engels wat 'n Hollandssprekende leerling sal leer, verlore sal gaan as die leerling nie eers goed in sy moedertaal onderrig is nie. Aan die anderkant wys hy daarop dat baie onderwysers glo dat die kind eers in Engels onderrig moet word en dan Hollands moet leer.³⁾ Verder het die kommissie aan Dale die vraag gestel waarom die onderrig van Hollands in sommige staatsondersteunde skole nie erken word nie en hierop antwoord hy: „I leave it to themselves to make / 53.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, XXIX.

2) Rep. of Educ. Comm., 1863, 154, No. 1345.

3) Rep. of Educ. Comm., 1879, 106.

to make their own arrangements." Dit word met ander woorde aan die plaaslike owerhede oorgelaat om self die medium te kies terwyl die Onderwyskommissie van 1863 duidelik aantoon het dat die medium van onderrig Engels sal wees.

Van Oordt het die vraagstuk van die medium duidelik gestel. Hy wys daarop dat dit onopvoedkundig is om Hollandssprekende leerlinge deur medium van Engels te leer. As leerlinge eers selfvertroue in hulle eie taal ontwikkel en 'n goeie uitdrukkingsvermoë het, sal hulle baie gouer Engels aanleer: "there would be greater and more rapid improvement if they were taught through medium of Dutch than through the medium of English."¹⁾ Volgens Van Oordt moet Hollandssprekende leerlinge eers in hul moedertaal onderrig word. Met ander woorde hy was 'n voorstander van moedertaalonderwys: "one must first learn one's own language - you would more easily reach the intellects of the children through the medium of the Dutch language than through the English language."²⁾

Die kommissie het die volgende belangrike aanbeveling gemaak wat die medium van onderrig betref: Eerstens wys die kommissie duidelik daarop dat die staat nie die reg het om meer van die ouer te verwag as dat hy sy kind moet laat onderrig nie. Die medium van onderrig mag nie deur die staat voorgeskryf word nie: "If they are able to read, write, and do elementary arithmetic, the fact that Dutch has been the medium of instruction ought not to weigh against them."³⁾ Die kommissie het dus gevoel dat alle restriksies wat die medium van onderrig betref, verwyder moet word.

Verder / 54.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, 375 - 377
2) Ibid., 1879, 377.
3) Ibid., XXIX.

Verder is ook die deel van die wet van 1865 herroep wat Engels as uitsluitlike voertaal vaslê, en vir middelbare onderwys is bepaal dat „een andere nieuwe taal dan Engelsch“, gekies kan word in plaas van Grieks of Latyn.¹⁾

Derhalwe kan met reg beweer word dat hierdie kommissie baanbrekerswerk gedoen het. Die aanbevelings van hierdie kommissie behoort tot die belangrikste wat deur 'n kommissie van die 19e eeu in Suid-Afrika gemaak is. Die vrug van hierdie aanbevelings is dan ook later gepluk. Daar is gedurende die jare 1882 - 1892 en selfs later met dankbare erkenning na die werk van hierdie kommissie verwys.

5. KRITIESE SAMEVATTING

Die De Villiers-onderwyskommissie het nie alleen belangrike aanbevelings gemaak nie, maar die gebreke in die onderwyssisteen is ook blootgelê.

(a) Getuienisse oor die gebreke in die onderwys

In die lig van die ondersoek van die kommissie van 1879 is dit duidelik dat daar veel met die onderwys verkeer was gedurende hierdie periode.

(i) Seker die belangrikste wanpraktyk is die feit dat die grootste persentasie van leerlinge deur medium van 'n vreemde taal onderrig is. Van Oordt het hierdie ongerymdheid baie goed saamgevat en daarop gewys dat leerlinge baie vinniger vordering sal maak as hulle deur medium van hul moedertaal onderrig word.

(ii) / 55.

1) Juta, Sir Henry: De Onderwijs Wetten, 1882, 38.

(ii) Ten tweede het daar 'n algemene wanopvatting onder die plattelandse bevolking geheers dat hulle kinders Hollands magtig is. Dat dit nie die geval was nie, het Van Oordt duidelik bewys.¹⁾ Die leerlinge is geensins Hollands magtig nie, want hulle het slegs in gesprekke met hulle ouers die taal aangeleer.

(iii) Dikwels is alleen Engelstalige onderwysers aangestel en ouers is ontevrede hieroor. Gewoonlik het die ouers dan nie hulle kinders skool toe gestuur nie: „I know that on several occasions only English teachers were employed at the old school.”²⁾ In hierdie verband sê J. Hanau dat in elke skool minstens twee persone aangestel moet word: „one principal and one assistant - and that the principal or the assistant should be able to teach the Dutch language.”³⁾

(iv) Daar word 'n oordrewe waarde aan die kennis van twee tale geheg. In hierdie verband was dit veral G.W. Stegmann wat daarop gewys het dat kennis mag is en dat die kennis van twee tale beter as een is, maar dit is beslis 'n nadeel om twee tale aan 'n leerling te onderrig veral aan die begin van sy onderwysloopbaan, aldus Stegmann. Aanvanklik moet net een taal onderrig word en later moet met die onderrig van 'n tweede taal begin word.⁴⁾

(v) Oor die metode van onderrig het die kommissie baie kritiek uitgespreek. Daar is die feit genoem dat die leesonderrig verwaarloos word en dat swak metodes toegepas word. Leerlinge het dikwels geen begrip van wat hulle / 56.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, 376.

2) Ibid., 1879, 387.

3) Ibid., 1879, 392.

4) Ibid., 1879, 141.

hulle besig is om te leer nie: „They learn their lessons in the English language, but generally, I think, they do not understand them fully.”¹⁾

Verder wys Van Oordt daarop dat die metodes wat verder toegepas is, onbevredigend was. Leerlinge is alleen afgerig vir die eksamen en derhalwe moes baie werk van buite geleer word en dit het weer die bekende „cramming-metode” in die hand gewerk.

(vi) Te veel aandag word aan die klassieke geskenk. Daar is duidelik op die oordrywing van klassieke vakke, Grieks en Latyn, gewys tot die uitsluiting van praktiese vakke wat groter nut sal hê: „As it is now, children are unjustly and cruelly deprived of many subjects of general knowledge, which would be very useful in their after life, in place of which some spirit-killing subjects are taught.”²⁾

(b) Getuienis oor Hollands as medium

Uit die getuienis wat voor die kommissie gedien het, kan duidelik afgelei word dat daar beslis 'n verandering ten opsigte van die medium van onderrig sal moet kom. Die getuienis van Van Oordt is veral in die verband van belang. As opvoedkundige het hy nie alleen kennis van toestande in die Kaapkolonie nie, maar ook van toestande in Holland. Volgens Van Oordt moet Hollandssprekende leerlinge eers deur medium van hul moedertaal onderrig word.

Ook sir Langham Dale het die mening uitgespreek dat hy nie beswaar sal maak as onderrig deur medium van Hollands gegee word nie, want dit sal beter wees as geen onderrig / 57.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, 443.

2) Ibid., App. I, 65.

onderrig nie.¹⁾ Vir Dale bly die onderrig van Engels egter hoofsaak.

Verder het Stegmann en Rowan ook daarop gewys dat die onderrig van Hollands veral in Hollandssprekende gemeenskappe van groot belang is.²⁾

(c) Getuienis oor Engels as medium

Waar verskeie persone, o.a. Van Oordt, beslis daarop gewys het dat Hollandssprekende leerlinge deur medium van Hollands onderrig moet word, het geen persoon die teen-deel voor die kommissie probeer bewys nie. Dit is as van-selfsprekend aangeneem dat die Engelssprekende leerlinge deur medium van Engels onderrig sou word. Prof. Gill en ds. A. Murray het slegs daarop gewys dat Engels soveel praktiese voordele het dat dit nie op kunsmatige wyse aangemoedig hoef te word nie en dat die ouers van hul kinders verwag om Engels te leer.³⁾

(d) Die aanbevelings van die kommissie, opvoedkundig beoordeel

Teen die aanbevelings van die kommissie kan miskien nie veel kritiek ingebring word nie, want hulle het besef dat daar beslis voorsiening gemaak moet word vir Hollands as medium en as vak. Die grootste waarde van hierdie kommissierapport lê dan ook daarin dat dit die weg voorberei of altans gepropageer het vir moedertaalonderwys. Daar is op gewys dat 'n leerling beter vordering maak en selfs die tweede taal makliker bemeester as hy eers in sy moedertaal onderrig word. Daar word ook baie tyd vermors om die

Hollandssprekende/ .. 58.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, 107.
2) Ibid., 441.
3) Ibid., 195 en 300.

Hollandssprekende leerling eers sover te kry om die vreemde medium baas te raak en hierdie tyd kan baie nuttig bestee gewees het. Die kennis van die tweede taal is ook blywender as daar eers die nodige aandag aan die moedertaal gegee is.

Benewens die bogenoemde aspek het die getuienis voor die kommissie ook op 'n tweede belangrike saak gewys. Hier word verwys na die talle onderwysers wat nie Hollands magtig is nie en wat dus nie deur hulle leerlinge begryp word nie: „the large bulk of the population is almost entirely ignorant of the English language and necessarily their children would be unable to understand a teacher unacquainted with Dutch.”¹⁾

Teoreties gesproke was die saak nou vir die Hollandse taal gewonne - Hollands kon as vak in enige skool geneem word terwyl daar 'n vrye keuse bestaan het tussen Hollands en Engels as medium van onderrig. Ongelukkig was dit nie die geval in die praktyk nie, want die kragtige invloed van Engels oor 'n periode van tagtig jaar kon nie so gou uitgewis word nie.

Die hele taalkundige konstellasië was egter baie omvattender as waarop hierdie kommissie ingegaan het. Daar is wel toegewings aan Hollands gemaak, maar dit is nie besef dat Hollands ook nie die spreektaal van die leerlinge was nie. Die taal is die draer van die siel en „sonder die taalonderrig kan die siel nie ontplooi tot volheid nie en bly die individu steeds emosioneel onstabiel en die volk

onvrugbaar/ 59.

1) Rep. of Educ. Comm., 1879, App. I, 87.

onvrugbaar."1) Dit was juis die toedrag van sake gedurende hierdie jare.

Daar het langamerhand 'n kloof tussen die skool en die lewe daarbuite ontstaan. Die skool was 'n vreemde wêreld in 'n wêreld: „Nederlands was niet de spreektaal van de Afrikaners en hoe langer zoo meer kwam er een kloof tusschen de school en het leven, tusschen de schooltaal en de spreektaal."2)

HOOFSTUK / 60.

1) Coetzee & Bingle: Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, 69.

2) Die Christelike Skoolblad, Jan. 1932, 13.